# Meerveranderlike analise 311 (WST 311)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Programme** | BCom Ekonometrie |
| | BCom Statistiek |
| | BSc Aktuariële en Finansiële Wiskunde |
| | BSc Geologie |
| | BSc Omgewings- en Ingenieursgeologie |
| | BSc Toegepaste Wiskunde |
| | BSc Wiskunde |
| | BSc Wiskundige Statistiek |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | WST 211, WST 221, WTW 211 GS en WTW 218 GS |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 2 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Dubbelmedium |
| **Akademiese organisasie** | Statistiek |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Meervariante statistiese verdelings: Momente van 'n verdeling, momentvoortbringende funksies, onafhanklikheid. Meervariante normaalverdeling: Voorwaardelike verdelings, parsiële en meervoudige korrelasies. Multinomiaal- en meervariante Poissonverdelings: Asimptotiese normaliteit en beraming van parameters. Verdeling van kwadratiese vorme in normaalveranderlikes. Meervariante normaalsteekproewe: Beraming van die gemiddelde vektor-en kovariansiematriks, beraming van korrelasiekoëffisiente, verdeling van die steekproefgemiddelde, steekproefkovariansiematriks en steekproefkorrelasiekoëffisient. Die lineêre model: Modelle van volle rang, kleinste-kwadrate beramers, toetse van hipoteses. Praktiese toepassings: Praktiese statistiese modellering en analise deur gebruikmaking van statistiese rekenaarpakkette en interpretasie van die uitvoer.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis

dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.